DIE WAPAD

STUDENTEBLAD van die P.U. vir C.H.O.

DEEL XIII. WOENSDAG, 22 MEI 1958 NR. 6

# Colloquium noodsaaklik!

## Weereens die grondslag van die A.S.B.

AANGESIEN die Studenteraad oortuig is daarvan dat die artikel onder die opskrif: **Die Grondslag van die A.S.B.,** wat in die Wapad van 23 April verskyn het, „direk indruis teen die karakter van die P.U. vir C.H.O. of 'n persoonlike aanval bevat op die Studenteraad . . . . ." (Studentehandboek, p. 78, 17), is ondergetekende as skrywer daarvan gevra om die betrokke stuk in ooreenstemming met die grondslag van die Studenteraad te bring, of te verduidelik wat daarmee bedoel is. Veral gaan die beswaar oor die gedeelte onder die opskrif: 'N ANKER. Hierdie sogenaamde „indruising" is tien dae na die verskyning van die blad deur Mnre. Tjaart van der Walt en Peet Duvenhage onder die aandag van die Studenteraad gebring.

Die doel van die artikel was nie om 'n breedvoerige uiteensetting van die grondslag van die A.S.B. te gee nie, maar slegs om te probeer wys op die noodsaaklikheid van gedurige besinning oor die algemeen-aanvaarde opvatting en manier van dink. Indien die leser uit die artikel nie kon wys word wat daarmee bedoel is nie, is gehoop dat reaksie (hetsy skriftelik, hetsy deur persoonlike skakeling en by voorkeur deur besinning) sou volg.

Dat die beeld wat gebruik is in vele opsigte gebrekkig was en vatbaar vir misverstand, is by hierdie tyd al telkemale onder my aandag gebring. Graag word hieronder verduidelik presies wat bedoel is en hoop ondergetekende dat die verdere beredenering van die saak sal berus op wat hier uiteengesit is en nie op 'n kritiek van die beeld sal neerkom nie.

### 'N ANKER.

Die beswaar het gekom teen die slotwoorde van die paragraaf onder bg. opskrif: „'n Skip wat nooit sy anker lig nie, kom nooit vooruit nie," asook „die grondslag van die A.S.B. kan werk indien dit 'n anker is wat so-nou-en-dan opgehaal kan word sodat steeds nuwe gebiede gesoek kan word waar weer anker gewerp en met die handel begin kan word."

Indien die beeld te gebrekkig is: hier volg 'n verdere uiteensetting. Wanneer 'n skip in 'n sekere hawe voor anker gelê en sy handel daar verrig het, moet dit 'n anker lig en na 'n volgende hawe vaar om daar weer opnuut anker te werp en met die handel te begin. Let wel: hy moet nie sy anker in die vorige hawe laat lê nie, maar dit ophaal en saamneem. Dit is dan die waarborg dat hy steeds kan anker werp wanneer dit nodig is.

**Die antwoord van die Studenteraadsvoorsitter verskyn op bladsy vier.**

Ook bly die anker dieselfde: van goeie staal, en verander nie — of dit gewerp is of opgehaal.

Die praktiese toepassing op die A.S.B. is dit: op die jongste kongres is besluit dat die A.S.B. sal poog om sitting te verkry op I.S.K. sonder prysgawe van sy beginselgrondslag. Die P.U. vir C.H.O. het minderheidsnotulering teen hierdie besluit aangevra en sal nie die uniale A.S.B. steun wanneer 'n verteenwoordiger na die volgende I.S.K. gestuur word met die opdrag om inskakeling te probeer verkry nie. Die beginselbeswaar wat die P.U.-afvaardiging aangevoel het, naamlik die C.N.-beginsel die A.S.B. verbied om te probeer inskakel, berus op 'n verkeerde opvatting van die beginsel en siening van die werklikheid soos later aangetoon sal word. Hier is dan 'n geval waar die skip (die A.S.B.) deur die opvatting dat hy deur sy anker (die C.N.) te lig, sy beginsel prysgee, verhinder word om 'n nuwe terrein van handel (die internasionale studentewêreld) te betree. Dit is die logiese voortgang wat die A.S.B. tans moet maak.

### WAAROM INSKAKELING?

Die redes vir die inskakeling by I.S.K. kan soos volg saamgevat word:

(1) Die wese van die C.N.-grondslag van die A.S.B.:

Volgens die uiteensetting wat mnr. Tjaart van der Walt op die jongste A.S.B.-kongres oor die C.N. gegee het, is een van die kenmerke daarvan die „sendingkarakter". Die C.N. is iets wat diegene wat dit liefhet dring om dit uit te dra en te verkondig op soveel terreine moontlik. Veral as in aanmerking geneem word dat elemente van C.N. ook voorkom by die meeste lande met 'n Wes-Europese beskawing, maar dat dit slegs in S.A. (en op studenteterrein slegs by die A.S.B.) nog 'n redelik omskrewe en algemeen geldende begrip is, is die taak van die A.S.B. nog duideliker: hierdie skat mag nie net vir homself gehou word nie. Indien hy lid is van die I.S.K. kan die A.S.B. hierdie roeping uitleef en steeds 'n suiwer klank laat hoor. Natuurlik sal ook deur ander middele van kontak hierdie roeping uitgeleef moet word.

Geen wonderlike resultate mag verwag word nie, maar slegs in die gedurige stelling van die eie standpunt, word die roeping van die A.S.B. tot 'n groot mate al uitgeleef. Bowendien mag die uitbly van resultate die oortuigde Christen nooit afskrik van die uitlewing van dit waarvan hy in sy hart oortuig is nie.

Die houding van die P.U. is dus in stryd met een van die wesenskenmerke van sy beginsel.

(2) Versterking van C.N.:

Die ploeg wat nie gebruik word nie, roes. Die arm wat swaar vragte dra, word sterk. So sal die beginsel van die A.S.B. ook werklik groei indien dit meer gebruik word. Tans het dit tot 'n groot mate sy taak vervul in die eie geledere en 'n nuwe werkterrein sal daarvoor 'n stimulus wees wat alleen tot sy groei en versterking sal bydra. In die geledere van die A.S.B. is dit in die verlede miskien te veel vertroetel, maar in die internasionale studentewêreld sal dit direk in antitese kom teenoor veel wat vyandig daarteenoor sal staan. Dit sal noodwendig tot 'n noukeurige ondersoek daarvan aanleiding gee en omdat ons glo dat hierdie beginsel 'n diepere oorsprong het as die brein van die mens, glo ons dat dit sal staande bly en steeds sterker sal word omdat moontliek leemtes wat ons nie nou raaksien nie, wel aan ons getoon sal word en tot hernude deurdenking aanleiding sal gee.

(3) Indruk op buitewêreld:

Die redes vir die terugtrekking van die A.S.B. uit die terrein van die internasionale studentewêreld, sal onbegrypbaar wees vir die I.S.K. Hulle kan dit nie begryp, en sien veel eerder daarin die houding van dat ons besef dat ons nie juis iets te sê het nie — m.a.w. 'n papbroekige manier van optrede.

Aan die ander kant sal 'n volgehoue aanspraak van die kant van die A.S.B. die indruk skep van oortuig-wees van

(Vervolg op bls. 4)

MALAN MEUBILEERDERS
KERKSTRAAT 112,
Telefoon 2157
POTCHEFSTROOM

KOM BESOEK ONS VIR „DIENS"!

INGRAM
SE BOTTELSTOOR
INGEVOERDE
en
KOLONIALE
● SPIRITUALIEË
en
● WYNSOORTE

B-L-I-T-Z die naam vir
→ VOORTREFLIKE WERK,
→ EERLIKE BEHANDELING,
→ GOEIE DIENS.
Posbus 41 ------- Telefoon 789

A. T. LUKE EN KIE ----- Aptekers
Vir al u MEDIESE BENODIGDHEDE en SKOONHEIDSPREPARATE.
Agente vir: INNOXA en MARLENE Skoonheidsmiddels
GRAMMOFOONPLATE en
MUSIEKINSTRUMENTE.
KERKSTRAAT 135 ------ POTCHEFSTROOM

POTCHEFSTROOM DRANKWINKEL
GROOT- EN KLEINHANDELAARS IN DRANK.
(Direkteur/Director: D. N. Smith)
WHOLESALE AND RETAIL SPIRIT MERCHANTS

POTCHEFSTROOM BOTTLE STORE
Foon/Phone 214 ------ Posbus/P.O. Box 6
KERKSTRAAT 185

Die Wapad
Offisiële Studentekoerant van die P.U. vir C.H.O.
WOENSDAG, 22 MEI 1958

REDAKSIE EN ADMINISTRASIE.

| | |
|---|---|
| HOOFREDAKTEUR | Andries Myburg. |
| NUUS | Jan v. d. Schyff. |
| INTER-UNIVERSITÊRE-AANGELEENTHEDE | Chris Coetsee |
| KUNS | Riekie Dekker. |
| (Waarnemend) | Enid Rautenbach. |
| SPORT | De Wet Krüger. |
| VARIA | Susan Roets. |
| TEGNIESE-ADVISEUR | Dries Yssel. |
| FOTOGRAAF | Hannes v. d. Walt. |
| PENNINGMEESTER | Hans van Zyl. |
| ADVERTENSIEBESTUURDER | Eike Howaldt. |
| SIRKULASIEBESTUURDER | Leon Swart. |

# *Vars vis te koop*

'n Ywerige besigheidsman het 'n viswinkel geopen en die bg. kennisgewing voor sy winkel aangebring.

Toe kom 'n klant daar aan en vra: „Waarom ,vars'? Jy sou tog immers nie daaraan dink om ou vis te verkoop nie?"

Die woord ,vars' is toe verwyder.

Daarna daag 'n ander klant op.

„Waarom ,te koop'? 'n Mens verwag mos nie dat jy die vis verniet sal weggee nie!" — Dus, weg met ,te koop'.

Nog was n 'derde klant nie tevrede nie: „Is daardie ,Vis' daarbo werklik nodig? Mensig man, mens kan dit 'n myl ver ruik!"

Hierdie bekende aanhaling uit Fleet Street bied inderdaad baie om oor te dink. Aangesien dit slegs 'n uitgelese groepie genieë is wat die hoofartikel lees, laat ek dit grootliks aan u oor.

Dit verg vandag 'n byna ensiklopediese kennis om iets van waarde te sê — oor enige onderwerp. En wanneer onvoldoende of vae kennis beskikbaar is, dek mens maar jou terugtog met 'n rookskerm: „Dit mag miskien wees dat . . . ", of „Dit wil soms amper lyk asof dit voorkom asof . . . ", of dit neem die vorm aan van 'n betoog **reg rondom** 'n probleem.

En ook die kernagtige pittigheid van die student — daardie paar woorde wat 'n saak op n satiriese wyse tot in sy kern oopvlek — hang in die rook.

Daar het in die jongste tyd 'n kreet opgestyg teen die student in die algemeen, en in besonder teen die student van ons eie Alma Mater. Hierdie kreet het die vorm aangeneem van 'n geroep na die uitgestorwe **„intelligentsia"** — die mense wat in staat was om iets te sê — sonder 'n rookskerm.

'n Saak spreek vir homself — dit word net van jou verwag om die woorde te voorsien. En as jou woorde of woord-gebruik vaag of lafhartig is, dan het jy die saak vaag of lafhartig ingesien. So ook met studenteskerts en -pittigheid. Dit is 'n **gevolg** en nie 'n **doel** nie. Dit is nie 'n **objek** van studie en toewyding nie. Dit is die **gevolg** van eerlike studie en toewyding. Ek gebruik die woord ,eerlik' omdat die kern van die saak grootliks oneerlik is, en wel teenoor jouself. Erken eerlik dat 'n saak vir jou vaag is, en **doen** iets daaraan.

En moet tog nie dat onkunde jou daarvan weerhou om 'n saak reg in te sien en te waardeer nie. Nesco du Toit.

## Oordenking

# JESUS SAL NETSO KOM.

**Hemelvaart sê nie alleen Jesus is weg nie, maar dat Hy ook weer kom. Soos Jesus opgeneem is, netso kom Hy weer.**

**Galilése manne, waarom staan julle en kyk na die hemel? Hierdie Jesus wat van julle opgeneem is in die hemel, sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het. — (Hand. 1 : 11).**

Die spronge waarmee die gebeurtenisse plaasgevind het nadat Jesus deur Judas Iskariot verraai is, het die groepie dissipels meer as eenkeer in verwarring gebring. Na Jesus se opstanding kom daar by hulle eintlik nog meer onbegryplike dinge op. Jesus het so anders geword.

Hulle het seker ook gewonder waarheen hul Meester op hemelvaartsoggend met hulle op pad was toe hulle die Olyfberg bestyg het. Nog meer duister word hul korte gedagtes toe hul Meester op pad in sy afskeidingsgesprek spreek dat hulle nie van Jerusalem moes weggaan nie, en om daar te wag op die vervulling van die belofte van die Heilige Gees.

Deur die krag van God word Jesus onder en tussen sy dissipels opgehef terwyl Jesus die beloftes uitspreek. Lukas sê dat Jesus Sy hande seënend opgehef het. Vol verbasing en algeheel verslae volg hulle oë Hom, terwyl Hy hoër en hoër styg. 'n Wolk skuif tussen hulle en hul Meester in. Met spanning soek hul oë wat van verlange glinster, in die wydtes — sal hulle Hom nogeens sien waar Hy nounet verdwyn het?

Dit was so skielik. 'n Oomblik tevore was Jesus onder hulle, nou is Hy weg.

Die stem van die twee manne in wit klere ruk hulle geheel en al na die aarde terug. „Wat staan julle na die hemel en staar?"

In hierdie vraag hoor ons duidelik nou die verwyt teenoor die dissipels. Hulle weet immers van Sy weggaan, waarom dan so verbaasd en 'n verlangende gesoek na Jesus waar Hy verdwyn het.

Die twee manne voeg ook troosryk daaraan toe: Hierdie Jesus sal net so kom soos julle Hom na die hemel sien wegvaar het.

Hemelvaart gryp dwarsdeur die tyd heen na die onbekende toekoms toe — na die wederkoms van Jesus.
Soos die hemelvaart was, **nétso** sal die wederkoms wees.

Jesus het opgevaar terwyl Hy hulle seën. Verheerlik in Sy oorwinning. Hy is **Oorwinnaar-Triomfator.** So kom Jesus weer. Maar omdat Hy die Enigste Oorwinnaar is oor hemel en aarde, kom Hy nie net as die seënende Triomfator nie, maar ook as die bestraffende en vergeldende Remunerator-Regter.

Vervolgens sal die wederkoms van Jesus geen geheime gebeurtenis wees nie. Almal sal Hom sien soos hulle, die dissipels, hom sien wegvaar het. „Kyk, Hy kom met die wolke en elke oog sal Hom sien." (Openb. 1 : 7). Dit het Jesus self ook in daardie nag van Sy veroordeling aan Pilatus gesê: „Van nou af sal u die Seun van die mens sien sit aan die regterhand van die Krag van God en kom op die wolke van die hemel." (Matt. 26 : 64). Jesus noem hemelvaart en wederkoms bymekaar sodat hemelvaart die voorspel word in die feeslied, „Daar kom die Bruidegom aan."

So sal Jesus kom net soos Hy opgevaar **het.**

Hemelvaartboodskap dus, om nie na die hemel te bly staar nie, maar tog op Sy koms te wag. Jesus kom net soos Hy weggevaar het — tot 'n verwyt vir dié wat nie in die wederkoms-verwagting lewe nie, tot troos en seën vir dié wat Hy deur Sy bloed vrygekoop het en op Sy koms wag.

B. D. C. Prinsloo.

# *Liefdesoorwinnaar*

## DR. SCHUTTE WAARSKU TEEN LIEFDELOOSHEID.

Tydens Korps V.V. se tweede programvergadering op Donderdagaand 1 Mei, het dr. J. A. Schutte, leraar van die Gereformeerde Kerk, JohannesburgNoord, opgetree met 'n lesing oor: „Die Christelike liefde in 'n wêreld van nood." Dit was woorde wat diep getref het, want dit het die skreiende gebrek aan liefde in ons hedendaagse wêreld, in ons land, selfs in ons kerke en ook in ons studentegemeenskap duidelik aan die kaak gestel.

**BELANGSTELLING.**

Hoewel 'n weinig swakker as die vorige vergadering was die opkoms nogtans bemoedigend en dit was duidelik dat daar groot belangstelling geheers het. Diegene wat dan ook teenwoordig was, het nie met leë hande daarvandaan gegaan nie. Hiertoe het die sanggroep onderleiding van mnr. Peet Duvenage met hul vertolking van „Die Onse Vader" beslis ook hul deeltjie bygedra.

**WAT IS LIEFDE?**

Aan die hand van die vraag: „Wat is liefde?" het dr. Schutte aangetoon dat liefde bo-kosmies, d.i. van God is, **want God is liefde.** Gods liefde in Christus was onvoorwaardelik, en dit ondanks die houding wat die mens ingeneem het. Teenoor die grootheid van Gods liefde blyk dus die vuilheid van die mens. Dit is alleen deur die wedergeboorte dat die mens 'n nuwe wêreld binnetree en dat ons verstaan dat buite God geen liefde is nie; **want ware liefde is uit God.**

**LIEFDESOFFER.**

Omdat daar egter so 'n groot gebrek aan liefde is, is die woorde van Christus: „Jy moet jou naaste liefhê soos jouself." 'n NEE in elkeen se lewenshouding. Liefde immers dwing tot die daad, en juis die gebrek aan liefdesdade is die groot behoefte van ons wêreld — ook van ons eie studentegemeenskap. Want hoe swaar weeg die dade van liefde op teenoor onderkruipery en onderlinge swartsmeerdery? Die offer wat die liefde van ons eis word so weinig gevind. En as liefde verdwyn het, maak vrees sy verskyning. Die teendeel is egter waar: Die liefde dryf die vrees na buite (1 Johannes 4 : 18).

**ALARMSEIN.**

Met die alarmsein: **„Ons mag nie vreesagtig word nie!"** het die geagte spreker sy toespraak tot 'n einde gevoer, en daarop gewys dat ons dit **kan** regkry — slegs deur lief te hê. Die wêreld verwag van ons eerlikheid, en daarom moet ons nie een ding sê en 'n ander doen nie. Ons as Christene moet wees soos sterre wat die lig van die son weerkaats. Die grootste struikelblok tot die uitvoering van hierdie roeping is egoïsme. Maar in die gebed is die weg tot oorwinnig vir ons aangedui.

# „Begenadigde Profeet"

Mnr. G. A. Watermeyer het 'n interessante lesing voor die plaaslike A.S.B.-tak gelewer. Hy het naamlik 'n leersame toeligting oor die roeping van die volksdigter gegee en daarna van sy eie werk, met nadere besonderhede oor sy jongste bundel „Die Republiek van Duisend Jaar", voorgedra. Uit hierdie bundel het hy van die beste verse gelees, wat opgeval het deur hulle mooi simboliese inhoud en die effektiewe wyse waarop hy hulle voorgelees het.

Mnr. Watermeyer het eers iets ter inleiding oor die ontwikkeling van die volksdigter gesê en daarna gewys op die roeping van die Afrikaanse volksdigter, as begenadigde profeet wat in die oomblikke van inspirasie die toekoms van sy volk voor hom sien lê. Dit, tesame met die voorgelese gedeeltes, het sy tema tot 'n mooi harmoniese geheel omgevorm.

Die vergadering is verder aangevul deur 'n klavier- en sangsolo en die lewering van die Kongres-verslag deur die voorsitter van die A.S.B., Mnr. Chris Coetzee.

J. M. Krüger.

**J. TOD SUTTIE**
KOMPLETE MANSUITRUSTERS
Vir al u KLERASIE en ander benodigdhede.
**Kerkstr. 177 - - - Telefoon 1**
**POTCHEFSTROOM**

**MOOIRIVIER-APTEEK**
Kerkstraat 205,
POTCHEFSTROOM
Telefoon 380.
**Die Apteek vir Diens!**

PRESIDENT CAFE

GRAND CAFE

and

Van Riebeeck Cafe

for:

- SWEETS,
- GRILLS
and
- COOLDRINKS.

J. P. van der WALT APTEEK

Kerkstr 161 - - - Potchefstroom

„ONDERSTEUN 'N OUD-P.U.-KANER!"

Ek voorsien ALLES wat van 'n APTEEK verlang word.

WES-TRANSVAAL SPORTWINKEL

vir alle
* Sportuitrusting
en
* Sportbenodigdhede
* Hardeware.

PRO REGE-PERS

Boekhandel

en

Antikwariaat

vir al u

WETENSKAPLIKE BOEKE EN SKRYFBEHOEFTES.

Kerkstr. 95 - - - Telefoon 1164

DIE BULT APTEEK

TOMSTRAAT 86.

TELEFOON 3091.

Nou geopen en tot u diens!

ONS LEUSE IS:

„DIENS aan die gemeenskap"

Ondersteun Oud-Pukke!

# Eindelik: Die toepassing van die grondslag van die A.S.B.

U moet nie in hierdie skrywe, geagte leser, soseer kommentaar verwag op Mnr. Coetsee se beeldryke uiteensetting van die grondslag van die A.S.B. nie, (Sien die voorblad van die „Wapad" van 23 April 1958) want Mnr. C. bedoel, blykens sy verduideliking, nie meer wat hy toe gesê het nie, en sê ook nie meer wat hy toe bedoel het nie, altans, soos dit vir die leser, wat aangwys is op dit wat op skrif staan, sal blyk. Ons sal wel terloops aandag gee aan die hele beeldryke uiteensetting, maar meer spesifiek ons bepaal by die nuwe **„Weereens: die grondslag van die A.S.B."**

Dus: Die beeldryke uiteensetting in die „Wapad" van 23 April en: die nuwe „Weereens: . . . " Kan u die twee bymekaar bring? M.a.w. het u, geagte leser — op grond van dit wat u gelees het — Mnr. C. se artikel só verstaan, logies só geïnterpreteer as wat hy in sy „Weereens . . . " dit verduidelik? U sou negatief antwoord en wel om die eenvoudige rede dat Mnr. C. twee sake verwar nl. „beginsel" en „toepassing van die beginsel". Hy omskryf en kritiseer eersgenoemde in sy beeldryke uiteensetting, terwyl hy in sy „Weereens: . . " laat blyk dat hy dit teen die „toepassing van die beginsel" het, en wel aan die P.U. vir C.H.O., soos hy dit stel. Uit die hieropvolgende bespreking mag waarskynlik meer lig op hierdie stelling gewerp word.

Gemeld dien te word dat in beide gevalle, d.w.s. kritiek teen die beginsel, sowel as kritiek teen die toepassing van die beginsel, colloquium noodsaaklik is. (Vgl. Reglement van die „Wapad", Art. X).

a. **Beswaar is inderdaad geuiter teen die grondslag.**

Ten spyte van Mnr. C. se kort verduideliking van die „anker"-beeld in sy „Weereens: . . . ", lê dit nog voor die hand, uit die artikel in die „Wapad" van 23 April, dat die saak as volg gesien kan word: In die eerste gedeelte van die afdeling wat handel oor die „Anker" gee hy 'n positiewe uiteensetting van wat die anker is, d.w.s. die C.N.-grondslag: In kort, dit wat die A.S.B. vaswortel. Dan besluit hy die artikel met klem: „Die grondslag van die A.S.B. kan werk indien dit 'n anker is wat so nou-en-dan opgehaal kan word sodat steeds nuwe gebiede gesoek kan word waar weer 'n anker gewerp en met die handel begin kan word." Die logiese konsekwensie is dat die anker, die C.N.-grondslag, opgehef moet word vir 'n tydlank — en buitendien, as 'n anker gelig word, is dit nog 'n anker wat diens doen as anker, of is hy dan eintlik waardeloos? Hier is kritiek teen die grondslag.

b. **Beswaar word geuiter teen die toepassing van die grondslag.**

Uit Mnr. C. se „Weereens: . . . " blyk duidelik dat hy die siening van die Studenteraad insake die grondslag, of dan wel die wyse waarop die Studenteraad die grondslag toepas, kritiseer, ja, aanval.

In die lig van bogenoemde, miskien nog des te meer omdat die artikel nie onder die naam van Mnr. C. gepubliseer is nie, en dus as die Studenteraad se siening geïnterpreteer kan word, is colloquium 'n noodsaaklikheid.

Mnr. C. verkies blykens sy „Weereens: . . . " dat dit nie hier as kritiek teen die beginselgrondslag gesien moet word nie, maar wel teen die toepassing daarvan. Ons voldoen aan sy versoek en sal dit meer spesifiek sien as kritiek teen die toepassing. Dit verklaar ook die opskrif van hierdie skrywe.

In verband met die verdere behandeling wil ons probeer om ons te bepaal by die kern van die saak, en sal dus nie alles in die besonder onder oë sien nie.

Mnr. C. noem drie redes vir inskakeling by die I.S.K.:

**1. Die wese van die C.N.-grondslag van die A.S.B.**

Ons stem volkome met hierdie uiteensetting saam, ook wat die „sendingkarakter" betref, waar sekerlik niemand enige twyfel kan hê nie. Ons vestig ook die aandag op die tweede sin en veral die woorde „op soveel terreine moontlik". „Die C.N. is iets wat diegene wat dit liefhet, dring om dit uit te dra en te verkondig **op soveel terreine moontlik".** Let wel: Nie op **alle** terreine, op allerlei wyse en te alle tye nie. Die Studenteraad voel nie ten gunste van inskakeling **by die I.S.K. nie** (vgl. die gekursiveerde woord hierbo) om redes wat later sal blyk.

Net dit: Moet ons so voorbarig wees soos Mnr. C. om reeds noual 'n gewaagde konklusie te trek nl. „Die houding van die P. U. is dus in stryd met een van die wesenskenmerke van sy beginsel?" Dieselfde wat betref die samevattende slotparagraaf van Mnr. C. se „Weereens: . . . "

**2. Versterking van C.N.**

Hier stem ons ook volkome met Mnr. C. saam en wys ook weer veral op daardie „soveel terreine moontlik" in verband met bogenoemde punt. Ernstig word egter gewaarsku teen die onderliggende gedagtegang wat ook al vroeër geblyk het, maar nou nog sterker na vore kom by Mnr. C. — die gedagte van aksie — reaksie. Enige jare gelede nog het die Studenteraad in die lig van omstandighede feitlik alle skakeling met andersdenkendes veroordeel en bv. geen brief van N.U.S.A.S. ter tafel gereël nie. Daardie tyd is egter verby. Mnr. C. moet oppas dat hy nie nou te sterk in reaksie wil optree nie. In 'n poging om verder te herstel kan mens maklik die slinger te ver na die ander uiterste laat swaai.

Ek waardeer dit dat Mnr. C. nie nou weer 'n konklusie trek nie.

---

(Vervolg van bladsy 1)

die eie standpunt en deur die A.S.B. gedurig op die agenda van die I.S.K. te hou kan geen kwaad doen nie.

**METODE:**

Die metode wat gevolg gaan word om inskakeling te probeer verkry, is van die allergrootste belang. Op die huidige stadium lyk dit nie of enige aansoek van die aard van die kant van die A.S.B. sal slaag nie.

Die feit dat die I.S.K. 'n deur-en-deur liberalistiese instelling is, verhoed dat hy van die A.S.B. kan eis om sy beginselgrondslag prys te gee voordat hy as lid toegelaat kan word: die I.S.K. wil die middel tot samewerking wees van alle studente-organisasies afgesien van hulle uiteenlopende sienswyses. Die A.S.B. moet dus daarop aanspraak maak dat ook hy — al verskil hy in groot mate van ander — reg het om sy vryheid van denkwyse te handhaaf binne die I.S.K. Daardeur word verhoed dat hy sy eie besondere identiteit sal moet prysgee.

Die voorbereiding wat aan hierdie aansoek moet voorafgaan, kan nouliks genoeg beklemtoon word. Daar het in die verlede die groot swakheid gelê van alle pogings wat in die verband aangewend is.

Samevattend: die gedagte dat inskakeling by die I.S.K. sal neerkom op die verloëning van die grondslag van die A.S.B. is ongegrond. Die beweegredes wat dring na inskakeling, is swaarwigtig. 'n Onverantwoordbare vasklou aan die tot dusver gehandhaafde beleid van die Studenteraad, is sekerlik nie in belang van die A.S.B. nie en berus op 'n foutiewe siening van die grondslag van die A.S.B.: dit dien wel om hom in hierdie wêreld te onderskei, maar nie te skei nie. Deur die S.R. se siening van die anker van die A.S.B. word die skip net op een plek gehou en word ander terreine waar hy ook 'n roeping het, verontagsaam.

D. G. Coetsee.

# „BESEMBOS" VRA U HULP

Die neiging is om altyd na 'n hoër standaard te strewe. Vanjaar onder die leiding van Mnr. E. J. Smit probeer die redaksie van die „BESEMBOS" om weer eens die standaard op te skuif.

As publikasie beklee die „BESEMBOS" 'n unieke plek in ons studentelewe. Dit dek dan ook alle aspekte daarvan: Die spel tree op die voorgrond en die werk wedywer om die ereposisie, as sonkant van die akademiese lewe skitter die sosiale lewe. **Iets oor almal en alles.**

Maar die verskyning van die „BESEMBOS" is afhanklik van u samewerking. Artikels of enige ander bydrae, wat handel oor enige aktuele onderwerp, word gevra. Laat die artikels prikkelend populêr-wetenskaplik wees.

**Die name van die verskillende redaksielede met hulle betrokke afdelings kan u orals op die terrein op plakkate vind.**

Help bou aan die struktuur van die „BESEMBOS" want elke steen is onontbeerlik.

## EINDELIK: DIE TOEPASSING (Vervolg)

**3. Indruk op die buitewêreld.**

Die stelling van Mnr. C. dat die redes vir die terugtrekking van die A.S.B. vir die I.S.K. onbegrypbaar sou wees, is vir my nog meer onbegryplik. Dit blyk immers uit die verslag van Mnr. J. D. v. d. Vyver oor sy besoek aan die I.S.K.-konferensie dat die I.S.K. die deure vir die A.S.B. met sy spesifieke grondslag gesluit het. Hoe kan die I.S.K. dan nou nog verwag dat ons papbroekig sou wees deur nie te poog tot inskakeling nie?

Ek is bevrees dat Mnr. C. die deur wil skouer!

**METODE.**

Hier kom Mnr. C. nou eindelik by die kern van die saak, en in antwoord sal ons ook hier die kern van die probleem benader.

Dit wil voorkom asof Mnr. C. nog nie lank in besit van hierdie metode is nie, want as u mooi lees, sal u sien dat dit in baie kolle skyn, want daar blyk nog veel teenstrydighede te wees. Hy praat nou ten gunste van die standpunt van die Studenteraad; dan weer, as die ontnugterende wete deurdring, moet hy iets daarteen sê om te wys dat hy nie saamstem nie. Die beste illustrasie hiervoor is die Studenteraad se eie metode:

a. Die Studenteraad sou sonder enige beswaar sien dat die A.S.B. **inskakel** by die I.S.K. of enige ander organisasie **mits** hy vooraf duidelik die versekering het dat i) die eie identiteit van die A.S.B. na binne en na buite behoue sal bly en ii) die kool die sous werd is. (Watter nut sou dit bv. hê as die A.S.B. by die S.A.V.F. inskakel, 'n liggaam tog wat op dieselfde grondslag staan).

b. Die Studenteraad sou ook onder dieselfde voorwaardes geen beswaar hê teen **aanskakeling** nie.

Onder „inskakeling" word verstaan „lid word".

Onder „aanskakeling" word verstaan „kontak soek van buite af."

Waarom nou, spesifiek in die geval van die I.S.K. wel „aanskakeling" maar geen „inskakeling" nie? Omdat die karakter van die I.S.K. dit verbied. Ons haal aan uit die genoemde verslag van Mnr. v. d. Vyver wat oor eerstehandse kennis beskik: „Mensregte is hulle slagspreuk, en alles wat enigsins lyk op 'n ondermyning daarvan, word summier afgekeur, ongeag die redes of selfs die inhoud van die betrokke beleid. 'n Gees van liberalisme en selfs ateïsme maak die konferensie vir die Afrikaner laakbaar." (p. 21).

As die A.S.B. aanskakel, word hy nie geassosieer met die grondbeginsels, ens. van die I.S.K. nie, maar as hy inskakel, soos Mnr. C. begeer, word hy lid en moet hy verder voldoen aan die vereistes vir die „basis of co-operation" en aan die vereistes vir „admission of membership". M.a.w.: in sy huidige bestand kan die A.S.B. nie inskakel nie. Mnr. v. d. Vyver stel o.a. in genoemde verslag, p.21: „Ondergetekende het tot die gevolgtrekking gekom dat die A.S.B., om lidmaatskap op die I.S.K. te verkry, sy lidmaatskap sal moet oopstel vir alle studente in Suid-Afrika, daarom sy seksionele, kulturele aard en grondslag sal moet prysgee en miskien selfs sy rassebeleid sal moet opoffer. Is die I.S.K. dit werd?" U weet ook dat in die lig van sy beskouing oor mensregte, die I.S.K. apartheid as „discrimination" beskou. Kan die A.S.B. die I.S.K. sodanig verander dat dit vir hom moontlik sal wees om lid te word sonder prysgawe van sy beginselgrondslag? Nou wil Mnr. C. nog dat die A.S.B. lid word van die I.S.K. —of het hy nie hierdie konsekwensies gesien nie?

Ten slotte ons dank aan Mnr. Coetsee dat hy gedink het. Ons versoek hom om egter ook hieraan te dink:

a. Dat hy sal sê wat hy dink (dus nie te beeldryk in sy uiteensettings sal wees nie);

b. Dat hy sal dink wat hy sê (m.a.w. dat hy, as hy met die Studenteraad in hierdie opsig verskil, dit konsekwent sal doen, en dieselfde wanneer hy saamstem).

D. Postma.

# Debat met Piesangland

**Tydens die universitêre debat met die Universiteit van Natal op 9 Mei het die studente hulle op moeilike terrein begewe. Die Puk wou nie dat Suid-Afrika inskakel by die V.V.O. nie, en ons standpunt is verdedig deur Mnre. J. D. van der Vyver, G. B. C. Bester en A. N. Helberg. Natal wou dat dit wel gebeur.**

Met groot erns het die P.U.-sprekers **twee** argumente beklemtoon. Eerstens moet daar onderskeid gemaak word tussen „kontak soek" en „koopereer." Teen eersgenoemde is daar geen beswaar nie, maar die „Basis of co-operation" waarop die V.V.O. rus, is vir Suid-Afrika nie aanvaarbaar nie.

Tweedens is daar gewys op die oortreding van Artikel 2, Sub-artikel (VII) van die grondwet van die V.V.O. Hierdie artikel bepaal dat die V.V.O. hom nie inmeng met huishoudelike aangeleenthede nie. Ten opsigte van die Indiërvraagstuk, apartheid, en Suidwes-Afrikavraagstuk is aangetoon dat die V.V.O. ontrou is aan sy eie grondwet, en dat hy hom wel inmeng met huishoudelike aangeleenthede.

Universiteit Natal se houding was baie negatief, en hulle het meer gepoog om die argumente van die opposisie omvêr te gooi. Verder het hulle daarop gewys dat Suid-Afrika 'n weg van isolasie sou opgaan indien hy uit die V.V.O. sou tree. Met 'n beroep op „Fundamental Freedom" en „Human rights" beskou hulle Artikel 2, Subartikel (VII) as ongeskonde, en nog nooit deur die V.V.O. oortree nie.

'n Gesonde gees het tydens die besprekings geheers, en alles het beslis bygedra tot 'n beter verstandhouding tussen Afrikaans- en Engelssprekende Universiteite.



**Ons debatsvoorsitter sê: „Dis moeilik as die manne dink dat jy verloof is!"**

# HOE'S DAAI?

Die Kumasi-kollege van Tegniek in Ghana kla dat hulle terrein nou al sy glorie verloor het en hulle danse en sosiale aangeleenthede geruïneer is, want — al hulle 300 dames het hulle verlaat. Die Kollege het nl. selfstandig geword en die departemente van musiek, huishoudkunde ens. is verwyder. Hulle glo egter dat daar nou „'n true university atmosphere" sal kom.

* * *

Nog 'n aanbod van 'n beurs aan 'n Bantoe van S.A. is deur Studenteunie van die Universiteit van Sudan gedoen. Dit dek alle koste vir 3 jaar studie in Khartoem. Dit is om die studente se opposisie van die apartheidsbeleid, wat „die opleidings moontlikhede ernstig beperk," aan te toon.

* * *

Die Rangoon-universiteit met 9,000 studente ontvang net £500,000 per jaar van die regering.

* * *

Die studente-unies van Wes- en Oos-Parkistan, wat deur 1,000 myl van Indiese gebied geskei word, het verenig en hulle hoop dat die studente nou beter georganiseerd en gedissiplineerd sal wees.

N.U.S.A.S. glo dat die R.I.C. (Research and Information Commission) verslag bygedra het tot die vertraging van die wet op aparte Universiteite. (The Student).

J. Els.

## PROTES

Mnr. Christie Coetsee was baie teleurgesteld toe gevra is dat ons nie dadelik kortbroeke by kleurbaadjies moet dra nie, (tenminste nie voor dit deur die owerhede goedgekeur is nie). Die rede is dat hy die betrokke aand van die massa reeds 'n kortbroek onder die langbroek aangehad het, ingeval . . . .

## LAAT BERIG

Met verbasende vasberadenheid het die Pukke in die laaste week voor die Intervarsitie besluit om hierdie jaar die wenners te wees.

Hierdie verrassende besluit is glo geneem na aanleiding van die pragtige oorwinning oor die Pote.

Die Pukke het hulle eenparig uitgespreek: „Ons gaan die Kovsies platter trap as wat die Pote op die oomblik is!"

# INTER-

## Pezula!

So het die herfs dan ook weer aangebreek — 'n tydperk waarin groot hoeveelhede Kovsies en andersoortige verskynsels deur 'n stuwende klimaat gedwing word om plat te val en te wag vir beter dae. Die res speel luidrugtige ,Pajama Games', of steek kop tussen die bene en leef in die verlede.

Hieruit kan vele afleidings gemaak word, maar net één is van belang, en dit is dat die Puk slaggereed is. Ja-nee, daar is hoeka weer groot dinge in die weer: die Akademie verkluim, en 'n man se hart soek vastrapplek hier bo in die rigting van jou adamsappel . . . sommer hier van Maandagnag af het pajama-parades mode geword in die Ou Hoofstad — oornag soos die koerantmense sê, en boetie — ek belowe jou . . . !

Terwyl ons ander ons onledig hou met Kovsie-koppe, spoke afstof en diewery bekamp, laat ons die Pukke wat die olie-prospekteerders daar anderkant gaan aandurf die beste toewens, en die berge laat weerklink met 'n groot „CAVÊ!!"

Ons vertrek Vrydagaand om 7.30 vanaf Cachet. (En onthou tog Pukke, 'n trein is nie 'n tipe van masjinerie wat reageer op „hold it!" nie). Daar word geen beddens op die trein verskaf nie, en gevolglik dra ons maar ons eie pêrevelle saam. Ons kan ons bagasie daar in die bewaarkamer laat tot die aand; moet tog nie vir uself oorwerk deur te veel bagasie saam te neem nie!

Om 5.30 arriveer ons in Bloemfontein. Presies 'n halfuur later sal die Kovsies wakker wees, en dan ontvang hulle ons. Ons is ongelukkig nog nie in besit van die program nie, maar dit sal seker nie veel verskil van die vorige jare s'n nie. Saterdagaand word daar 'n dinee gereël vir die eerste voetbalspan, die breiers en kapteins van al die ander spanne, asook vir die amptenare van die universiteite.

Die res van ons gaan kyk na 'n Marilyn Monroe-cartoon in die Kovsies se studentesaal.

Ons vertrek Saterdagaand om 10.00 nm. weer uit Bloemfontein, en maak ons intog in Potch. Sondagoggend omstreeks 7.00 vm.

Ons reisouers is Oom Jannie en Mevrou Schutte . . . welkom Pa en Ma, ons belowe om nie weer die elektriese lig te mors nie.

En nou Pukke, wat die dirigentskakery betref. Ons stel net kortliks weer aan u hoe die dinge vanjaar verloop: ons het natuurlik reeds Maandagnag begin, en krygsverrigtinge duur tot Vrydagoggend. Daar is vanjaar geen lyfwagte by die dirigent nie, en in die aande word slegs van twee koshuiswagte gebruik gemaak om 'n ogie te hou. Daar is ook geen terreinwagte nie. Van nou af slaap ons met die een oog oop!

Aanvallers mag nie meer as tien op 'n slag wees nie, en agtervolging geskied slegs binne die dorpsgrense—nie daarbuite nie. Sodra ons verdere besonderhede aangaande die program ontvang, plaas ons dit op die kennisgewingbord.

En van nou af Pukke — VORENTOE, PALE TOE!!

### ONS GROOTKOPPE PRAAT GROOT!



FRANS: „Ons maak staat op samespel, fiksheid en spangees."
CHRISTIE: „Ek gaan nie weer vanjaar my woorde sluk nie."
RONEL: „Kovsies, ons hou 'n verrassing vir julle in."
RIA: „Ons netbalspanne is reg en lus vir die Katte."
PIET: „Die stoeispan is nie wat hy was nie, maar nogtans goed genoeg vir die Kovsies."
Aan Tennis en Tafeltennis: ONS WEET JULLE GAAN WEN!

## Ons gaan wen!

Student-wees . . . intervarsity . . . voetbal, begrippe wat bymekaar pas soos sykouse en hulle inhoud. Nou is die groot vraag: Wie gaan wen? Kom ons maak bietjie soos die Amerikaners. Nee, ons gaan nie met langbroeke voetbal speel nie, ons gaan bietjie speel met statistieke.

Die eerste span het in 5 wedstryde 51 punte aangeteken teenoor 23. Die afgelope 3 intervarsities het hulle 32 teenoor 17 aangeteken. Wat sê dit vir u? Vir die Amerikaners sê dit ons kan wen. Vir my sê dit ons gaan wen. Dié van u wat die laaste groot stryd gesien het, (Pote) sal met my saamstem. Die paar wat tot 30 kan tel, sê daar was 2 spanne op die veld. As dit waar is, het hulle seker almal in dieselfde span gespeel, want ek het net een span gesien.

Twyfel u nog? Kom ons kyk na die spanne. Die heelagter weeg soveel as 4 swaar voorspelers en skop bakstene op vir die bouers by Klawerhof vir tydverdryf. Die vleuel wat nie 'n ou veteraan is nie, is vinniger as die „talentvolste" door op die Puk. Die senters verdedig soos 'n vrou wat 'n nuwe hoed gekoop het en hardloop soos terpentynbelaaide honde. Die skrumskakel en losskakel verstaan mekaar glo soos slepers die spykerbankies en is gevaarliker as 'n skoonma. Die agt voorspelers speel soos een besetene. In die lynstane is hulle onkeerbaar. (Gaan vra ons bure as u nie wil glo nie). Die skrum staan soos Tafelberg en hulle is so woelig soos babas wat tande kry! Geen twyfel dus oor die uitslag nie! Wat die ander spanne betref: Die O-19's lees slegs van verloor in „comics". „Fires" het nog geen wedstryd verloor nie. Tekkies is seer seker 'n gedugte span. Navy sê hulle gaan ook hulle simpatieke houding laat vaar en weer 'n slag wen in plaas van gelykop speel.

Aan al ons voetbalspelers — ons beste wense. Speel studente-rugby in 'n goeie gees en geniet dit ten volle — wen of verloor.

F. de Bruyn.



Tokkie „smile" breed as hy aan die Intervarsitie-debat dink. Die onderwerp? „Is apartheid eties geregverdig."

# VARSITY

SCHALKIE SÊ:

## Laagvat, Raakvat, Doodsing

MY BLOED word karringmelk en my nobele ingewande rommel soos 'n „konkrietmiekser" wat net een „piston" het, want dis Intervarsitie en vanjaar gaan die hare waai. Dit gaan kat-hare wees, dit weet ek nou al.

Daardie arme ou goedjies wat hulleself vermom soos 'n „sugarstick" sal 'n besending haakspelde moet aanskaf as hulle nie wil hê dat hulle ore op die grond moet deursleep nie. Te laat sal hulle agterkom dat dit nie verlede jaar is nie.

Laat hulle maar leef in hulle eie waansinnigheid en allerlei ander pilsiere. Maar na die Intervarsitie gaan hulle voel soos 'n kat wat in 'n wasmasjien geval het, en dit net omdat hulle teen die Pukke Intervarsitie gehou het.

Bloemfontein is glad nie so veilig soos my vriende dink nie. As ons hulle lawaai-leier in die verlede kon verduister, is daar niks wat ons nou kan keer nie, wie weet wat se swakheid het vanjaar se skaakbare stommiteit onder lede? Soos ons hulle al leer ken het, is dit nie buite die perke van sy elastisiteit om versot te wees op piesangs en grondboontjies nie. Hulle beweer dat diere uit die oerwoude van Midde-Afrika nogal lief is vir sulke dinge.

Dis om ons! Dis in ons! Dis oral! Dis Intervarsitie 1958!

Ons is jul bobaas, jul grootbaas, en sommer net jul baas; Dit is die PUKKE wat so sing! Voel jy die koue rillings langs jou ruggraat op en af kruip? Swel jou bors van trots? Kyk daar, hy's amper deur! Daar trek die Puk se vleuel! My hare rys! My hart gaan staan! Dis ons Pukke wat daar sing! Dis ons span wat daar speel! Dis ons wat dol van opgewondenheid opspring!' Luister hoe skreeu hulle. Die Intervarsitie!

Maar dis nie net óns span en óns Pukke wat ons nie in die steek sal laat nie. Ook ons sal ons beste gee.

Pukke, laat ons saamspeel en saamsing want dis Intervarsitie en ONS GAAN WEN!

Dankie vir die ondersteuning en vertroue,

Schalk.



Boetie, Saterdag is **ons** dag!
Ja-nee, die Katte gaan ons hoor.

## En SLURPIE sê: Ôk so!

## DAMESHOKKIE

Gedurende die afgelope twee weke het die gehalte spel aansienlik verbeter. Die hoogtepunt is Saterdag bereik toe die eerste span gelykop gespeel het teen Girls High met 'n telling van 2-2. As die Pukkies die 24ste Mei weer met soveel gees gaan speel sal die telling nog gunstiger wees.

Die tweedespan se spel is nog nie bevredig nie, maar met meer oefening, noudat die span finaal saamgestel is, sal daar nie veel probleme wees nie.

Kom, Pukkies laat ons in die dae wat nog voorlê opruk oefeninge toe. Dit is noodsaaklik as ons die Kovsies wil wys wat ons **kan** doen.

R. Bruyns.

## KORFBAL

Aangesien die korfbalspanne druk besig is om Netbal te oefen vir Intervarsity, strem dit die Korfbalspelery baie!

Desnieteenstaande hierdie feit het Puk se tweedespan verlede Saterdag Dorp se tweedespan 26-20 gewen. Elize Breytenbach het weer eens gewys hoe 'n doel moet speel en doelgooi!

Wat die gees van die Korbalklub betref, moet ek werklik sê dat dit sommer baie goed is — net jammer dat die ledetal so klein is, naamlik 'n skamele twee spanne. Ons het egter verneem van heelwat nuwe speelsters wat tot die klub wil toetree, en hulle is ook baie welkom. Ons hoop om die klub se ledetal hierdeur te vergoot en om sodoende nog 'n baie beter gees te ontwikkel.

Aan al die Puk-dames wat aan geen sport deelneem en graag ook 'n bietjie oefening wil hê — kom speel korfbal! U is baie welkom. Laat ons die ander Pukke asook die Normaalkollege (met hul 10 korfbalspanne) wys dat daar op Puk ook nog met groot geesdrif korfbal gespeel word!

Ria Kruger.

## Glo Dit As Jy Wil!

Ons eerstejaars sê:

1. Daar bestaan nie 'n Sentrale Sportbestuur nie maar wel 'n Spesiale Sportbestuur.

2. Die doel van die A.B.K.K. — Christelik Nasionaal.

3. Die dirigent word deur die massa gekies.

4. Die A.S.B. het in 1916 ontstaan en in die twintiger jare het dit aangesluit by die A.S.O. in 1945 het die A.S.O. so liberaal geword dat die A.S.B. uitgetree het.

(5) Op die vraag waarom Korps se bestaan as noodwendig beskou word, is die volgende geantwoord: Korps is een van die Tradisies van die Puk en daarom is die bestaan van Korps noodwendig.




## GEWAARDEERDE ANTWOORD

Postmahuis,
P. U. vir C.H.O.
2 Mei 1958.

Die Hoofredakteur,
„Die Wapad".
Geagte Redakteur,

Vergun my 'n paar woorde na aanleiding van u brief in „Die Wapad" van 1 Mei.

Die skrywer neem vir my 'n ietwat wars houding in. Die indruk word gegee, alhoewel hy in dieselfde asem kritiek verwelkom, dat voordat iemand kritiek lewer, hy liefs moet toon dat hy beter kan doen. Ons besef dat u nie beroepsjoernaliste se standaard kan lewer nie, en ons verwag dit ook nie van u nie. En om so 'n bohaai op te skop oor onverantwoordelike kritiek — wat altyd daar sal wees — sal dit nie verminder nie. Uit die brief straal desperaatheid, wat myns insiens nie nodig is nie. Waarom het ons voete gekry? Om die skoene wat pas aan te trek. Ons moet uit kritiek leer.

Ons verwag nie een oomblik dat „Die Wapad" hoër moet vlieg as wat sy vlerke hom toelaat nie. Maar eerstens is daar 'n koue saaklikheid, wat net nie by 'n student pas nie. As u die artikel — of rubriek — van Jan Rap neem — hy is sekerlik nie 'n ervare joernalis nie? — dan is daar vir my iets moois in. Daar is humor! Dit is nie koud en saaklik nie, en tog ook nie langdradig nie. En kan die stereotipe advertensies nie ook humoristies wees nie? Dan is daar die ellelange berigte. Die voorkoms van 'n verhandeling maak 'n mens moedeloos voor jy begin. Die berigte kan opgedeel word in korter beriggies. Dit geld ook „Van Studenteraadsweë." Pittige opskrifte, neerpen op 'n lewendige, luimige manier, beentrekkery en mooi spot in berigte en gesonde kritiek van u kant op gebeure kan definitief vir u en „Die Wapad" baie beteken.

Dan is dit nie net my gevoel dat die Varia (uitgesluit Jan Rap) 'n heelwat hoër standaard kan bereik. Dit hoef nie noodwendig meer te wees nie.

Ons wil ook nie die hele „Wapad" vol foto's hê nie, maar foto's kan allermins uitgelaat word, soos tans die geval is. 'n Mens kan jou by omstandighede aanpas.

Geagte Redakteur, ek noem hierdie dinge terwyl ek probeer om die duisternis probleme wat u as Redaksie in die oë staar, ook onder oë te kry. Groepwerk by die opstel van berigte, advertensies, ens., i.p.v. individuele arbeid, mag ook 'n gewensde uitwerking hê.

As ons humor, luim en pit, asook berigte oor die meer „profane" terrein van ons studentelewe kan kry, sal u moeilikhede goed die helfte verminder word, en ons sal uitsien na die verskyning van die volgende Wapad. „Wapad".

Mag u pogings om spontane reaksie van medestudente te kry, slaag. Dankie vir die plasing en verskoon die koue saaklikheid.

Welmenend,
die uwe,
Peet Duvenage.

## TE MIN „SPOKE"

P.U. vir C.H.O.,
28 April 1958.

Geagte Redakteur,

Dit is 'n onrusbarende feit — ook bekend by ander universiteite — dat hier geen **gees** op die Puk is nie. Wat is dan die fout met die studente, want ons kan nie die vinger wys na die S.R. of enige ander liggaam op die Puk nie, want hulle doen hulle bes om tog 'n greintjie gees in die studente in te blaas. Nee, geagte dames en here, die fout lê by onsself.

As daar iets by die Puk gereël word dan daag daar kwalik honderd studente op. Die wat gewoonlik nooit daar opdaag nie sê altyd, en loop die hele dag te koop daarmee, dat daar geen gees onder die studente is nie. Hoe kan 'n handjievol mense dan die ander passiewe klomp ook dwing om gees te „vang?" Die studente wat gewoonlik alle aktes bywoon sal nooit sê dat daar geen gees op die Puk is nie, want dit is alleen hulle wat gees het.

Neem nou bv. die Vreugdedag: Daar het nie eers 'n derde van die ingeskrewe Pukstudente gehelp met die Vreugdedag nie, en dit sluit vlotbou in. Ek moet sê dat dit swak is van veral die seniorstudente.

Ons kan maar net oplet wat met die intervarsitie gaan gebeur.

Nog 'n voorbeeld wat ons kan noem is die uiters treurige organisasie van die studentevariakonsert. In die vervolg moet ons dit of beter organiseer of ons moet die S.A.U.K. laat weet dat hier op die Puk geen entoesiasme is vir hulle ou goedjies nie.

Dames en here, op so 'n manier sal ons geen gees op die Puk kan hê nie. As ons net so 'n bietjie meer belangstelling in die studentelewe toon, sal die gees vanself kom. Ons is 'n klein groep en behoort daarom 'n baie beter gees te hê as enige ander universiteit.

Nog iets wat die gees sal aanhelp is om mekaar te groet. Die seniorstudente kan nie kla dat die eerstejaars ons nie groet nie, want die seniors groet mekaar nie eers nie. Wat 'n voorbeeld is dit?

Die uwe,
„Gees-bewus."

N.S.—Dit is jammer dat die brief nie enige uitwerking sal hê op die studente nie, want daar is so min intekenaars en lesers van die Wapad dat die studente wat dit die meeste nodig het dit nie eers te lese sal kry nie.




## VAN DIE REDAKSIE —

Von Wiellightstraat 39,
Potchefstroom.
13 Mei 1958.

Geagte Pukke,

Plotseling het die storm losgebars. Maar ons het almal die storm verwag want dit was nie slegs 'n paar los wolke nie. Lank reeds dreig die donker wolke op die gesigseinder. Maar die storm het nie gekom om te bly nie. Nee, die son begin alreeds deurskemer en na so 'n storm skyn die son gewoonlik helderder as ooit tevore.

Baie dankie vir u reaksie op my vorige brief. Ek het dit verwag. Aan almal wat dink dat die brief sy doel gemis het, kan ek alleen maar sê: ongelukkig is u verkeerd.

Aangesien mnr. H. J. D. van der Walt se brief die naaste aan die praktyk gebly het, sal ek maar probeer om dit te beantwoord, met die bedoeling dat ons lesers 'n insig in sake kry. Verskoon maar as my brief die indruk van 'n koelie-basaar gee, maar ek gaan my bepaal by die orde in bogenoemde brief.

Laat my toe om vooraf te sê dat ek in my vorige brief gevra het dat ons **feite onder oë moet sien.** Dit hou in, geagte lesers, dat ons sake gaan weergee soos dit is, en dat ons nie verskonings gaan **soek** nie. Miskien het u verkeerd verstaan, of . . (?)

Blokke kan alleen in Johannesburg gemaak word, altans, dit is die naaste plek waarheen ons ons kan wend. Die blokmakers van Klerksdorp behoort aan die blokmakersunie en mag dus nie blokke maak behalwe vir hulle eie drukkery nie. Vervoer is geen probleem nie. **Spoedpos** is heeltemal voldoende, maar ongelukkig neem dit 'n hele paar dae voordat die blokke gelewer kan word.

Wat punt nommer 2 van u brief betref wil ek slegs maar sê: die kritiek het van die lesers se kant gekom. Dit was dus nie nodig om „verskonings aan te bied" voordat ons gekritiseer is nie, want ons het gereken dat die lesers genoeg vertroue in hulle redaksie het om te weet dat hulle alleen maar die beste vir die blad sal doen.

Wat die paragraaf betref waarin ek die finansies van die Wapad uiteengesit het: As u in die „skamele subsidie van £90 van die kant van die studenteraad" gesien het dat ek 'n aanval op die studenteraad loods, het u dit ongelukkig verkeerd geïnterpreteer.

Die redaksie van die Wapad het om geen grotere subsidie van die studenteraad gevra nie. In die verlede was £90 nog altyd genoeg en ook hierdie jaar was die redaksie daarmee tevrede. Ons wou alleen maar aan u toon dat die finansies van die Wapad in sy geheel skamel is en dat ons dus nie hoër kan vlieg as wat ons vlerke lank is nie.

Maar ook sou so 'n aanval op die studenteraad ongegrond wees. Op bladsy 78 van die Studentehandboek, Artikel IX van die reglement van „Die Wapad", punt nommer 5 staan dat die onkoste van die blad gedek moet word deur intekengeld en advertensiegeld. Die studenteraad bied dus 'n subsidie aan, hierdie jaar 'n maksimum van £90, wat 'n moontlike oorskreiding in die raming moet dek.

Die Wapad-redaksie is dus gebind aan sy raming vir die jaar en sal eerder sy dank teenoor die studenteraad betoon vir die moontlikheid om enigsins bokant sy raming te werk, as om kritiek op die subsidie te gaan uitoefen.

Op die vraag in punt nommer 4 het die geagte skrywer self geantwoord. Uit 'n studentetal van 1500 studente 'n intekenaretal van 350: oordeel self! Ons is bewus van die onreëlmatighede wat voorkom by die aflewering van die blad. 'n Metode vir deeglike kontrole kon egter nog nie gevind word nie. As u daardeur ongerief verduur is ons baie jammer, en sal weer eens probeer om u hier ook tevrede te stel. Net ter inligting: 'n **Oudhoofredakteur** kry geen voorkeur bokant ander studente nie.

Steeds word gepoog om die advertensies meer kleurvol te maak, veral vanjaar, soos die genoemde advertensie van Beyers Claassen sal getuig. Dit is egter 'n baie moeilike taak aangesien die meeste adverteerdrs hulle advertensiegelde slegs sien as 'n donasie aan die Puk. As u u redenasie met 'n „ek glo nie" wil staaf is dit benede kritiek. Nogtans kan ek u verseker dat adverteerders wel die Wapad ontvang het.

6. Foto's:

Ek kwoteer: „Ek glo nie daar is vanjaar al gebruik gemaak van **EEN** nuwe blok nie, **BEHALWE** miskien die van Dr. Havenga (en Prof. Bingle) en in verband met die inlywing. Mnr. van der Walt, die logika sal gekrenk voel!

Die drukkoste van die Wapad het met vyf sjielings per bladsy gedaal. Verlede jaar was dit £4 per bladsy en nie £4. 4. 0. soos deur die skrywer aangegee nie. Ek is baie bly dat u verras was om dit te hoor, as u dit toeskryf aan die ywer van die redaksie ook in hierdie verband, sal u besef dat met 'n laer drukkoste ons ook meer kan bied.

Die bekendmaking van die voorgenome bedanking van die Onder-hoofredakteur het met sy goedkeuring geskied. En so tussen ons gesê, applikasies vir die pos is **nie gevra nie.** Daar is alleen gevra dat belangstellendes hulle moet aanmeld sodat die hoofredakteur 'n aanbeveling by die studenteraad kan maak.

Maar ook verder: In een opsig stem ek volmondig met Mnr. A. P. Brink saam. „Ons het die vermoë verloor om te dink — dit laat ons oor aan 'n ondefinieerbare ras wat op universiteit uitgesterf het, die ‚intelligentsia'." Ek weet u sinspeel hier op die redaksie, maar daardeur het u ongelukkig 'n pragtige argument van alle krag ontroof: Die Wapad is nie die mondstuk van die redaksie nie, maar van elke Pukstudent. Weer eens vra ons u samewerking waar dit stof vir die blad aangaan.

**Sometimes I sits and thinks.** Is u tevrede as net die redaksie maar noodgedwonge moet sit en dink? As u nie meehelp om waar moontlik interessante sakies onder die aandag van die redaksie te bring nie of desnoods self iets te skryf nie, is die tweede deel van die gesegde van toepassing op u.

Dis genoeg. Laat ons u verseker dat dit nie aangenaam is om van 'n skokmetode soos die vorige brief gebruik te maak nie, maar dat dit die enigste manier is om lewe in die doodsbeendere te bring; stofoordekte doodsbeendere wat getuig van 'n studentegees wat **WAS** en 'n intelligentsia uit die dae her.

Daar is ruim plek vir verbetering in die Wapad en met hernude ywer en wenke en hulp van u kant gaan die redaksie weer eens die skouer aan die wiel sit.

Dankie dat u so geduldig die beproewing deurgemaak het deur dit wat hierbo staan te lees.

Studentegroete,

Andries Myburg,
(Hoofred.)




# *Klavieruitvoering*

## DEUR WERELDBEROEMDE DIRIGENT-PIANIS

Weer eens is onder beskerming van die P.U.-Musiekvereniging 'n klavieruitvoering van hoogstaande gehalte gelewer. Die pianis was die twee-en-twintigjarige Italiaanse dirigent, Pierino Gamba. Pierino Gamba is in September 1936 in Rome gebore. Reeds op die ouderdom van nege jaar het hy groot opspraak verwek toe hy die Koninklike Operageselskap in Rome gedirigeer het. Op dertienjarige leeftyd het hy drie van sy eie komposisies gepubliseer. Sedert 1953 het hy ook groot sukses behaal in Europa en Amerika. Sedertdien is Pierino Gamba konsertdirigent en -pianis.

Gamba het sy uitvoering geopen met 'n Chaconne in D-mineur van Bach. Hierdie Chaconne is oorspronklik vir die viool geskryf en is deur Busoni vir die klavier verwerk. Dit is interessant om te weet dat Brahms van hierdie selfde tema gebruik gemaak het om 'n Chaconne vir die linkerhand te skryf. Gamba het daarin geslaag om die Chaconne voor te dra met 'n kenmerkende beslistheid en ritmiese beheersing. Reeds hier het Gamba homself onderskei as 'n pianis wat uitmunt in die voordrag van kontrasterende elemente. Die uitbeelding van die basiese tema in die linkerhandse akkoorde was emosioneel goed beheersd en suiwer.

Na 'n geesdriftige applous het Pierino Gamba die uitvoering voortgesit met die „Pathetique" van Beethoven. Oor die algemeen is die „Pathetique" gekleurd met tone en temas van forse heldekrag — soms sluip daar temas van yl en patetiese krag in, vandaar die bynaam, „Pathetique", vir die sonata. Gamba het daarin geslaag om die heldekrag in die eerste beweging uit te beeld d.m.v. die ampere orkestrale klank wat hy opgetower het. Hy het die beweging ook baie dramaties vertolk. Pierino Gamba het die tweede beweging as direkte kontras tot die eerste vertolk. In die yler nootpassasie, hier, het hy nie daarin geslaag om dieselfde rykte en diepte van klank te kry as in die vorige beweging nie. Die Rondo wat hierop gevolg het, was baie briljant gewees, maar desnieteenstaande het dit voorgekom asof daar 'n effense uitgeputheid van emosie was, en die beweging soms te tegnies was. Die „Pathetique" het dan derhalwe ook nie soveel byval by die gehoor gevind nie.

Pierino Gamba het sy aanspraak op 'n uitmuntende tegniek bevestig deur sy vertolking van die Mendelssohnse Rondo Capriccioso in E-majeur. Hy het hierdie werk laat tril met 'n feëagtige suiwerheid en delikaatheid. Die element van broosheid is effektief afgewissel deur 'n dromerige emosionele element. Derhalwe is die vertolking met geesdrif ontvang.

Een van die hoogtepunte van die aand was b e h a a l deur die vertolking van die sonata no. 2 in B mol mineur van Chopin. Uit die vertolking het geblyk dat die pianis self 'n baie goeie insig in die werk gehad het. Die werk is met briljante tegniese vaardigheid uitgevoer en daar was gevoelige skakerings van klank. Die stuk is ook met beslistheid en helder vertolk. Dit was 'n genot om te luister na die fynheid en delikaatheid waarmee die Scherzo voorgedra is, en die voordrag van die kloppende en roepende ritmes van die Marche Funebre sal vir menigeen onvergeetlik bly. Hierdie werk het getuig van 'n orkestrale insig veral in die wisseling van klank van die een uiterste na die ander uiterste.

Die voordrag van die Albeniz en Granados komposisies was ook baie aanneemlik. Die vertolking was fyn en delikaat, soms egter, was daar 'n gebrek aan die effense onbeteuelde Spaanse element. Dit was aangenaam om te sien hoe geredelik Pierino Gamba twee populêre toegifte toegestaan het, nl. Preso van Galuppi en Rachmannoff se Prelude. Ook hier het Gamba homself goed van sy taak gekwyt.

Ten slotte moet 'n mens tot die gevolgtrekking kom dat Pierino Gamba oor 'n verbasende tegniek beskik. Dit was klaarblyklik dat hy oor 'n besondere fisiese krag beskik wat dit vir hom moontlik maak om sonder die geringste inspanning met die maksimum ontspanning te speel. As 'n mens in aanmerking neem dat Gamba 'n dirigent is, is dit interessant om te let op die wyse waarop hy die strukturele dele uitgebring het soos byvoorbeeld die orkestrale wyse waarop hy die bas beklemtoon het. Vir hom was nie slegs die melodie hoofsaak nie. Pierino Gamba besit nie die verbeeldingrykheid van 'n pianis om byvoorbeeld gevoelskakerings of nuansering in die fyner motiewe spel in te bring nie. Desnieteenstaande het hy deur sy onmiskenbare musikaliteit en orkestrale vertolking die komposisies weer laat herleef. Daar is soms gevind dat die diepte van gevoel effens ontbreek en hy het soms te tegnies gespeel.

Om die geslaagde klavieruitvoering te bekroon, het daar 'n baie mooi gebaar van die musiekstudente gekom toe hulle 'n boek oor Suid-Afrika aan die kunstenaar oorhandig het.

Enid Rautenbach.

## VERLORE ARTIKELS

'n Leser vanuit Bloemfontein het ons vriendelik versoek om die volgende advertensie onder die Pukke se aandag te bring:

1. **Wanted: Left ear:** a fine specimen of the cauliflower variety. My head used to keep my ears apart, but now it's no good at all.

2. **Is baby naughty?** Show him a KOVSIE player and he will be no more (naugthy).

(Editor: This method is reputed to be even better than a club of babysitters!).

**NOTA BENE!**

**Die volgende WAPAD verskyn op Donderdag 5 Junie.**

**Alle stof moet asseblief 'n week voor die tyd ingehandig word.**

**Studente . . . . !**

vir al u

- Handboeke,
- Skryfbenodigdhede,
- Leertasse,
- Geskenke, ens.!

Besoek ons en wees verseker van Goeie Diens!

**POTCHEFSTROOM BOEKHANDEL**

**Kerkstraat 93 — Telefoon 497**

KOM SIEN ONS
vir al u . . . . .

* Fotografiese en
* Aptekersbenodigdhede.

**GEEN & VELLEMAN**
**Kerkstraat,**
**Potchefstroom**

**TURKSTRA BAKKERY**
**(Edms.) Bpk.**
**KERKSTRAAT 61**

Raadpleeg ons vir . . .
- BROOD en alle
- KOEKSOORTE

**CORNER FRUIT STORE**

„U KEN ONS!”

## Briewebus II

Postmahuis,
P. U. vir C.H.O.
4 Mei 1958.

Die Hoofredakteur,
Die Wapad.
Geagte Meneer,

Vergun my 'n paar woorde n.a.v. u skrywe in die Wapad van die 1ste Mei. Indien u intensie met hierdie skrywe was om positiewe wenke van u lesers te ontlok, kan ek nie anders as om te besluit dat die skrywe sy doel gemis het nie. Vergun my my standpunt puntsgewys onder u aandag te bring.

**1. Die s.g. koffiekan-disputasies:**

As daar gebrom word oor iets en die brommery word herhaal, behoort dit vir u duidelik te wees dat daar tog iets verkeerd is, u het die fout by die lesers gaan soek. Ek glo nie dit is die regte plek om te begin soek nie. Hoekom nie al lankal 'n berig wat die blokke-probleem onder die aandag van u lesers sou gebring het, geplaas nie? U beweer dit neem 6 dae om 'n blok te laat maak. Kan blokke nie op Klerksdorp gemaak word nie? Met die gebruik van die bus na Johannesburg sou dit u uiters twee dae neem. Daar is verder nog die dienste van die Deeltydse Organiseerder waarvan u ook gebruik van kan maak. (Moet nie vir my sê u het nie geweet dat u van die organiseerder se dienste gebruik mag maak nie).

2. Ek wil u vra hoe die lesers moet weet dat u probleme het as u dit nie op 'n oordeelkundige wyse onder ons aandag bring nie.

3. Wat die finansies betref die volgende:

Die Studenteraad bereken die basis van Subsidie na aanleiding van vorige jare se Subsidie. Die Wapad van 1957 het slegs £79 subsidie nodig gehad. Toe die begrotings na u teruggestuur is, het die Studenteraad u gevra om te sê wat u daarvan dink. U het niks gesê nie.

4. Intekenaretal:

Is die swak intekening op die Wapad te wyte aan die swak ondersteuning wat u van die studente kry? Uit 'n totaal van 1500 studente kry u net 350. Wat word gedoen om intekenare onder ons oud-studente te verwerf? Ek sal sê wat gebeur. Oudstudente teken wel nog in, maar dan ontvang hulle nie die Wapad nie. Ons studente in die dorp ontvang die Wapad byna 'n week nadat dit verskyn het. 'n Oudhoofredakteur het tot en met hierdie skrywe nog nie die afgelope twee uitgawes ontvang nie.

5. Advertensies:

Vandat ek op die Puk gekom het, verskyn dieselfde advertensies in die Wapad. Kan die advertensies nie miskien meer kleurvol gemaak word nie. Soos bv. die een van Beyers Claassen in die afgelope Wapad nie. Die versorging van die advertensies is hopeloos. Het adverteerders tot op hierdie stadium die Wapaaie ontvang waarin hulle geadverteer het? Ek glo nie. Neem u hulle dus kwalik as hulle nie meer advertensies wil plaas nie? Ek nie.

6 Foto's:

Ek glo nie daar is vanjaar al gebruik gemaak van een nuwe blok nie, behalwe miskien die van Dr. Havenga en i.v.m. die inlywing. Die datum van Vreugdedag was 3 maande gelede al aan u bekend, was dit vir u onmoontlik om een of ander foto van die bestuur in sitting te neem en dit nog betyds klaar te hê? U het ook verlof om in elke uitgawe van die Wapad 'n nuwe blok te gebruik; het u al daarvan gebruik gemaak? Kon u nie 'n foto van een van die vlotte van die verlede geplaas het met een of ander opskrif wat kon aanduiding gee van wat in die verlede gebeur het en dan met die vraag daarby of ons vanjaar nie kan verbeter nie?

7. Daar het m.b.t. die Wapad baie min tereg gekom van die wenke wat aan u gegee is op 'n byeenkoms wat gereël is spesiaal met die doel om ons publikasies te verbeter. Die berigte is nog net so lank en dit gee die mense die indruk van 'n verhandeling. Korter berigte is by u aanbeveel. Moet die stof na u gebring word of moet die nuusredakteurs sorg vir die nuus?

8. Koste per bladsy:

Ek was verras om te sien dat die koste per bladsy nou £3. 15. 0. is in teenstelling met verlede jaar se £4. 4. 0. Kan die wapad nie ook verder op goedkoper papier gedruk word nie?

9. Bedanking van die O.-Hoof-Red.:

Dit is uiters onwenslik dat 'n mens so iets sou aankondig nog voor dit werklikheid is en ook uiters dislojaal teenoor u Redaksie. As die O/Hoof-bedank weens baie werk is dit verstaanbaar, as dit nie so is nie neem ek aan dit is omrede die kritiek en dan is dit nie aanprysenswaardig nie.

So tussen ons gesê, applikasies kan nie vir die pos gevra word nie, die S.R. wys die persoon aan.

Oor die hele brief net dit: Uiters sarkasties en 'n houding van, nou ja hoekom kom doen jy dit nie. Is dit reg? Ek glo nie.

Ek dank u vir die plasing.

H. J. D. van der Walt.

N.B. Brief in my persoonlike hoedanigheid.

(Sien my antwoord in „Van die Redaksie.”—Red.)

---

Ons Huis,
12 Mei 1958.

Geagte redaksie. — Dis nou al 'n paar Wapaaie wat ek vanjaar moes lees. „Moes,” want ek het dit gedoen omdat ek gereken het 'n mens is dit aan jou Alma Mater verskuldig. Maar die tyd het gekom dat mens ook nie meer net kan sit en amen sê nie; jy kan nie altyd maar lees net omdat die stof uit jou Alma Mater kom nie. Met reg begin jy darem iets soek wat lesenswaardig is.

Ek skryf veral ook na aanleiding van die heerlik onverantwoordelike en onwaardige venyn van die Hoofredakteur se redaksionele woord in die jongste Wapad. Die krenterige houding suggereer 'n skuldgevoel en kleinserigheid wat simptomaties is van die hele probleem.

Die hele A.B.K.K.-kunsfees en een groot musiekkonsert het sonder kommentaar verbygegaan (ek praat nie van aankondiging vóóraf nie); oor die A.S.B.-kunsfees het ons 'n lysie name, sonder kommentaar, te lese gekry. Daar is ellelange verslae oor vergaderings wat ons klaar bygewoon het; en daar is skinderkolomme wat soos lou, flou tee oor die blaaie uitgevlek lê. Ons kry sportverslae in stereotipe, en dikwels geradbraakte koeranttaal; en propaganda vir Vreugdedag, A.S.B., Intervarsitie: ons is darem seker al besonne genoeg om méér as propaganda te vra?

Die kwessie lê ongelukkig NIE by die koste van die blad nie. Dis baie gerieflik om die gehalte van die blad toe te skryf aan geldgebrek, maar dis 'n elementêre denkfout. Die probleem lê dieper: ons het die vermoë verloor om te dink — **dit** laat ons oor aan 'n ondefineerbare ras wat op universiteit uitgesterf het, die „intelligentsia”. Die artikels word net maar geskryf-omdat-dit-op-'n-gepaalde-tyd-moet-in-wees; en dikwels laat redaksielede dit oor aan nóg meer onervare vriende. Hoekom sal ons moeite doen? Hoekom sal ons oorspronklik wees? Solank ons net Calvinisties ruik, is ons doodtevrede.

Letterlik dood-tevrede. Letterlik „ruik” ook, vrees ek: maar dis die ruik van 'n grafkelder.

Sometimes I sits and thinks. Sometimes I just sits.

Roepende in die woestyn.

André P. Brink.

---

**„SLAAP WAKKER”**

Geagte redaksie, — Die Puk het 'n fliek gemaak om vir propaganda-doeleindes deur die land vertoon te word. Aan hierdie fliek is daar meer as duisend pond bestee. Nou wil 'n mens maar net weet: moet ons hier dan maar altyd tevrede wees met die derderangse? Vir die doel en inslag van die fliek is veel te sê. Vir die fliek self, t.o.v. draaiboek, kontinuiteit, fotografie, klank, sinkronisering e.d.m., bloedweinig.

Waarom aanvaar ons dit dan so sonder protes? Alles wat met die Puk in verband staan is mos goed, sonder

(Slot: Bladsy 2 onderaan)

## ASKIES TOG!

Geagte meneer,

In antwoord op „Ontevrede dames van Puk" se brief in u uitgawe van 1 Mei 1958, wens ek hiermee as seremoniemeester van die betrokke geleentheid, my innige verskoning aan te bied vir die fout wat ek begaan het.

Dat ek geen teenkanting, soos die dames dit stel, verwag het nie, is seker. Ek was egter onbewus van die onbedagsame fout wat ek begaan het. Daarom wil ek hiermee my hartlike verskoning aanbied vir die mistrap. Dit was in elk geval die idee dat **man en dame saam** die beker sou kom ontvang soos wat die geval met mej. Van Rensburg en mnre. Van Wyk en Goossen was. Dit is verder ook nog steeds die idee dat die bekers ses maande (of die helfte van die jaar) in die manskoshuise sal staan en dan weer die orige gedeelte in die dameskoshuise. So 'n aanbeveling sal ook aan die volgende Vreugdedagkomitee gemaak word.

Graag noem ek dan ook hier die name van die dameskoshuise en damesvlothoofde wat pryse verower het, en bied hiermee my persoonlike hartlikste gelukwense asook dié van die komitee hulle aan:

Klawerhof — mej. Adelheid le Roux;

De Klerkhuis — mej. Constance Fürstenberg;

De Klerkhuis — mej. Hannetjie van Rensburg.

Ek hoop dat die saak hiermee reggestel is en bied nogmaals my hartlikste verskoning in alle nederigheid aan.

Baie dankie,
Idyll van der Walt,
(Seremoniemeester, Vreugdedagkonsert).

## HIEROOR EN DAAROOR...

Kleopatra, die Egiptiese koningin, was die regstreekse afstammeling van vier geslagte van broers en susters. Sy was die dogter van 'n broer en 'n suster, en hulle ouers was op hulle beurt weer broer en suster. Kleopatra was met twee van haar broers getroud, en sy het hulle albei aan 'n vroeë dood gehelp: Ptolomeus XIV het sy laat verdrink, en Ptolomeus XV het sy 'n dosis gif laat sluk.

* * *

By die aanvang van die Chicagose Tentoonstelling in 1933 is die skakel wat die hele tentoonstellingsterrein elektries sou verlig aangeskakel deur 'n ligstraaltjie wat die ster Arcturus 40 jaar vroeër verlaat het.

* * *

Ek verneem dat die studente van die Universiteit van Oxford 'n studie gemaak het van die moderne vrou. Hulle oorwoë mening is nou dat die sleutel tot 'n vrou se persoonlikheid haar hoed is. 'n Hoed met 'n sluiertjie waarsku duidelik: „Moenie met my praat nie!"

'n Groot hoed met 'n ronde rand is snobisties, en 'n klein, oulike hoedjie is 'n uitnodiging: „As jy gaaf is sal ek van jou hou!"

Geen hoed: „Ek is vriendelik — waarvoor wag jy?"

* * *

En nou vertel die geleerdes 'n ander ding.

Die goeie, goue ou „common sense" raak nou 'n baie gevaarlike speelding. Neem nou maar die vliegtuig wat daar bo in die lug verby seil. Jy kyk hom so, en jy vertel vir jouself dat hy darem nou regtig in 'n mooi reguit lyn voortbeweeg. En dis net waar jy 'n groot fout maak. Die geleerdes sê dat daardie einste vliegtuig min of meer al die draaie en kurwes van 'n kurktrekker be-vlieg . . . . Want die vliegtuig vlieg langs die oppervlakte van die aarde, en die aarde draai om sy eie as, en hy draai om die son, en die solar-sisteem beweeg in die rigting van die konstellasie Herkules, en die hele boksemdaais reis voorspoedig voort in die rigting van die vaste ster Vega.

Hulle sal 'n man naderhand verplig om te begin **dink.**

* * *

Wat 'n seën is dit nie om te kan rook nie. Miskien is dit die belangrikste uitvloeisel van die ontdekking van Amerika.—Helps.

* * *

Die allerliefste dingetjie het een middag langs die paradeveld gestaan en die driloefening met haar rooi pruilmondjie en blou ogies gadegeslaan. En toe weerklink daar skielik 'n sarsie geweerskote sommer hier vlakby haar.

Met 'n verskrikte gilletjie het sy teruggedeins — reg in die arms van 'n stewige jong vegsman agter haar.

Blosend het sy haar omgedraai en, terwyl sy liefies na hom opkyk, stamel sy: „Ag, ek het só geskrik vir die geweerskote, sal u my vergewe?"

„Alles reg, alles reg," kom die jongman op aandag, „kom, kom ons gaan kyk na die artillerie-oefening."

* * *

Gebrek aan geld is die wortel van alle kwaad.—Shaw.

* * *

'n Mens moet met jou meerdere omgaan soos met vuur: nie te naby sodat hy jou brand nie, en ook nie te ver sodat jy verkluim nie.

* * * Diogenes.

Die populêre mening is die grootste leuen in die wêreld.

— Jan Rap.

* * *

Gedurende die jare 1927 en 1928 was 'n sekere Mnr. Daan Nel aan die spits van alle studentebedrywighede in Pretoria. In sy hoedanigheid as Studenteraadsvoorsitter het hy 'n baie groot rol gespeel in die studentelewe en o.a. was dit tydens sy bewind dat die huidige kleure van U.P. aanvaar is. Tans beklee dieselfde M. D. C. de Wet Nel weer 'n posisie vanwaar hy 'n sê in studenteaangeleenthede het, en wel as Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

# Satellietie se maanskynhoekie

**In teenstelling met Kupido, wat ewe nutteloos as voorheen sy ellende met pyprook en King Size Cokes probeer versmoor en afspoel het, was Satellietie 'n hoogsbedrywige dame hierdie afgelope week.**

„All by her lonesome self" natuurlik, maar nietemin op en wakker oor die nuwe tegnieke wat sy in gedagte het, het sy opnuut 'n omwenteling oor die Puk gedoen om vas te stel hoeveel kyse haar speurneus kan uitsnuffel. Haar beloning het homself dan ook spoedig aangemeld . . . in die gedaante van 'n verrassende onthulling op die kysfront.

Dat **camouflage** 'n belangrike aspek is van die intriges op hierdie ietwat delikate gebied, is 'n beproefde feit wat Satellietie se psigologiese insig geensins ontgaan het nie. Trouens, telkens wanneer sy dreig om te vergeet hiervan, word haar geheue weer opgefris deur 'n senuagtige, skaam Draak wat kom neul oor die volgende maansverduistering wat dan nie wil kom nie!

Maar deur al die onderbrekinge heen, is haar geteisterde aandag plotseling getrek deur 'n onmiskenbare en tegelyk merkwaardige **gedragsafwyking;** getoon deur 'n aantal mense wat vroeër immers as normale en waardige burgers van die samelewing beskou is. Hulle loop mooi twee-twee rond soos ‚versuipte hoenners', met oënskynlik niks in gemeen nie behalwe identiese verkoues. 'n Verdere kenmerk van hierdie individualiste se benarde toestand, is naamlik 'n koorsagtige kyskolom-neurose — wat gewoonlik vir 'n byna patetiese verligting plekmaak telkens na die verskyning van die nuutste „Wapad".

Van nature 'n simpatieke karakter, het Satellietie aangevoel dat hierdie ongelukkiges hulp nodig het. Al wat sy egter uit hul erbarmlike gemompel kon wysmaak, was die woord **„verhouding."** „Kys?" vra sy toe ewe intelligent, maar die reaksie was so 'n hewige ontkenning, dat sy besef het sy het hier met 'n ernstige alergie te doen . . . enne . . . 'n mens spot nie met siekte nie! Sy verneem dat genoemde persone vir mekaar gedigte lees in hulle vrye tyd . . (Well, I never!).

Daarom voel ons dit 'n behoefte van die hart om ernstig te waarsku teen hierdie gevaarlik soort individualisme . . . Satellietie glo vas dit was die hele tyd die vlieg in Kupido se kyssalf, en kyk hoe onskuldig moet hy nou gestraf word!

Satellietie sê: Moet asseblief nie die hoekstene van die kystradisie ondergrawe nie!

## HET U GEWEET?

Van die waarnemers van die Universiteit Natal, kom die volgende kommentaar insake die A.S.B.-kon: gres:

**Rowland Smith:** Hy het geen kritiek gehad, maar slegs 'n taamlik volledige verslag gegee van bykans al die referate en toesprake wat gelewer is. Vir hom was die opvallendste die groot verskille wat daar bestaan het tussen die Afrikaanse Universiteite onderling. Hy erken dat die Kongres 'n mylpaal was in die geskiedenis van die A.S.B, en swaai die verskillende afgevaardigdes hoë lof toe vir die lus en ywer waarmee die verskillende landsprobleme aangepak is.

**Marie Meiring:** „Die eerste wat ek graag wil sê oor die A.S.B.-kongres, is dat dit die mees aangename en interessante week van my Universiteitsloopbaan was. Die ander saak wat ek wil benadruk is die noodsaaklikheid vir meer sulke kontak tussen lede van Engelse en Afrikaanse Universiteite.

Ons was nie in staat om die logika van die argumente van die ander Universiteite ten gunste van die Aparte Universiteitewet te volg nie en ons kon nie glo in die grondslag van die Bond, nl. van Christelik-Nasionalisme; of sien hoekom hulle dit so vanselfsprekend aanvaar nie. Aangesien daar baie kere was wanneer ek net soos die Afrikaanse Universiteite gevoel het en tog tye wanneer ek my nie kon vereenselwig met hulle standpunt nie, het ek dikwels verward en onseker gevoel en was ek verplig om baie eerlike dinkwerk te doen."

* * *

Uit NUX—nuusblad van die Pietermaritzburgse Universiteit—verneem ons dat hulle bekwame redakteur, Peter Rodda, bedank het op grond van die swak gedrag van die studente.

**„SLAAP WAKKER" (Vervolg)**

meer. Kan ons nie 'n slag 'n kritiese instelling laat herlewe nie? Kan ons nie probeer om waardebepalend teenoor 'n ding te staan nie? Ons het so veel hier wat mooi kan wees. Moet ons maar tevrede bly dat dit voortdurend op 'n onbeholpe en lammerige wyse opgedis word? Ons moet 'n slag probeer om méér as net middelmatig te wees; om meer te hê as tradisie: lewe.

André P. Brink.

Ons Huis,
11 Mei.

# PUK gee Swartetjies GROOTSTE pak in jare

## MASSA ONDERSTEUN UITSTEKEND!

Saterdag 10 Mei 1958! P.U. 20—Pote 3.

Ons eerste span het Saterdag alle verwagtinge oortref en met skitterende rugby voor die dag gekom om die Swartetjies met 'n groot swart kous oor die kop huis toe te stuur. Dit was met een woord **LEKKER!**

Elke man het geweet wat om te doen en **het** dit gedoen. Een beweging na die ander is van stapel gestuur, voorspelers het die bal soos agterspelers hanteer en op die pawiljoen het die Pukke die nodige ondersteuning gegee. As dinge bly soos dit is, wil ek hier voorspel dat ons die Intervarsity gaan wen!

Om tot die spel terug te kom: Nadat hy twee strafskoppe nie tussen die pale kon deurkry nie, het Toy Dannhauser sy voet meteens reguit getrek en met 'n strafskop geslaag (3-0). Hierna was dit Stoney Steenkamp se beurt om 'n fout van die teenstanders op te volg en oor te val vir 'n drie wat Toy nie kon vervyf nie (6-0). Die Pukke het nou verwoed gespook en hoewel die bal onder die voorspelers gebly het, het die Pukke rugby gesien soos nog nooit van te vore nie. Die volgende punte het dan ook uit 'n voorspelerstormloop gekom toe Herman Venter oor die doellyn gestort het. Toy kon weer nie vervyf nie (9-0). Dit was dan ook die rustydtelling.

Na rustyd het Stoney geslaag met 'n strafskop (12-0), self sy tweede drie gaan druk (15-0) en Casper Lessing het vir die Puk se laaste drie oorgegaan wat deur Toy Dannhauser vervyf is (20-0). Japie de Klerk het Pote se enigste punte met 'n strafskop aangeteken na 'n ligte ondersonsie (20-3).

Ten spyte van die feit dat die pers Pote as die gunstelinge beskou het, het ons manne soos een saamgespeel en die Swartetjies van hulle voete afgelig. Hennie van der Walt het sy **afgeronde** teenstander, Hennie van Zyl, geheel en al oorskadu, en wat hier veral verblydend is, is die skitterende kombinasie wat daar tussen Hennie en Alfie Huyser bestaan het. Alhoewel ons agterlyn nie veel kanse gekry het nie, het hulle getoon dat hulle stukke beter is as hulle teenstanders. Toy Dannhauser het weer sy ou spel op heelagter gespeel.

Ons voorspelers was egter die helde van die wedstryd. Die voorry het hulle teenstanders om die beurt in die grond in geskrum en dan weer uit die grond opgelig. De Wet Kruger en Kaptein Frans de Bruyn het hulle opponente met een woord, **opgefrommel!** In die lynstane het Maarten van der Walt, Herman Venter en Piet Steinberg lekker gerank en die eer kom hier veral aan Herman toe wat Klopper totaal oorskadu het. Ons losvoorspelers het lekker baljaar en Hennie van Zyl het seker baie gewonder wat tref hom as Willem Grönum onder hom inseil.

Kortom, Pukke, as ons hierdie gees behou, is ons reg vir die Intervarsity. Ons kan geen speler uitsonder nie. Elke man het sy deel gedoen, en meer as dit. Ons kan net hoop dat ons eerste span nie verander sal word vir Intervarsity nie. Maar dan sal daar nog harder gespeel moet word.

Aan die anderkant het ons Pukmassa hulle manne oor die lyn geskreeu. Baie dankie, Pukke. Ons weet by die Intervarsity (en deur die res van die jaar) sal hierdie gees bly en met julle ondersteuning gaan ons eerste span nog berge versit.

**Ander uitslae:**

Navy 0 — Normaal II 0.

O/19 B 14 — Potch. dorp 6.

O/19A ontvang punte van Spoorweg.

I.W.

## P.U.K. OP S.W.-Tvl. STOEI-KAMPIOENSKAPPE

Verlede naweek 2—3 Mei het die P.U.-Amateurstoeiklub 'n span na die S.W. Tvl. Kampioenskappe gestuur op Stilfontein. Twee ou staatmakers, Wynand Putter en Dokkie Coetzee kon egter nie deelneem nie. Net voor die span vertrek het, moes die onderkaptein, Willem Postma, hom ook weens 'n besering onttrek.

Soos ons reeds verwag het, was die kompetisie baie sterk. Daar was haas geen gewigsafdeling of die kompetisie was kwaai. Vrydagaand het die drie van ons stoeiers reeds uitgeval.

In die semi-finaal sou nog vyf Pukke deelneem. Saterdagmiddag het die semi-finaal dan ook plaasgevind.

**UITSLAG:**

S. Blom verloor sy tweede geveg met 'n val en val dus uit vir die finaal.

P. Kruger wen sy tweede geveg net soos sy eerste met punte om te kwalifiseer vir die finaal.

P. Brand verloor sy derde geveg met punte om sodoende uit te val vir die finaal.

F. Steyn wen sy derde geveg met 'n val om te kwalifiseer vir die finaal.

Alhoewel K. van Niekerk sy eerste geveg verloor het, het hy nogtans gekwalifiseer vir die finaal. In die finaal het hy sy geveg met 'n val gewen, met die gevolg dat hy tweede in die ligswaar geëindig het.

F. Steyn verloor sy geveg met punte om tweede te eindig in die liggewig.

P. Kruger verloor sy geveg met punte, dog hy het so uitstekend vertoon dat hy dan ook 'n beker vir die beste verloorder gekry het, asook 'n tweede plek in die veergewig.

**Twee Pukke gaan na proewe:**

Die Pukke het dus drie tweede plekke verower, 'n prestasie wat hulle selfs nie eers verwag het nie. Maar om die storie te voltooi: P. Kruger en F. Steyn is gekies vir die S.W.-Tvl. span om op 22, 23 en 24 Mei aan die S.A. Rykspeleproewe deel te neem op Vereeniging, voorwaar 'n prestasie! Ons wens hulle hiermee geluk en sê vir hulle sterkte! Met Intervarsitiy sal ons die Kovsies dus sonder hulle moet spook, dog ons sien nog kans vir hulle.

P. Brand.


Geniet die Meesterstuk ...in die Meester Grootte




Rembrandt MEESTERS

FILTER DE LUXE

DAAR IS GOEIE REDES VIR DIE MEESTER GROOTTE

Kopiereg RMFA 4